

7 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 119:9-16 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 119:9, 15, 16

Geloofsvreugde rus op omgang met die Woord

Wat is die Bybel? Hoe lees u dit?

Twee krities belangrike vrae. Nie bloot teoretiese vrae nie. Dit raak die wetenskap wat ons beoefen, die besigheid wat ons bedryf, die vakansie wat ons beplan, die kerkraadsvergadering, die verhoudinge waarin ons is, ons lewe.

Terwyl mense die Bybel al hoe meer bevraagteken, bely ons saam met die digter: U Woord. Die Bybel is die gesagvolle Woord van God. Dit is God se onfeilbare Woord. Dit is sy openbaring van Homself aan ons. Openbaringsboek! Verbondsboek! Die HERE maak sy verhouding met ons bekend.

So moet ons lees; verhoudingstaal. Luister: “Waarmee sal die jongeling sy pad *suiwer hou*?” Suiwer hou dui daarop dat daar reeds genade aan die mens bewys is. Sy pad is die koers van sy lewe. 'n Suiwer koers beteken dat hy van sy skuld verlos is, dat hy in die genade van die wedergeboorte deel en dat hy bewaar word om nie sy lewenskoers te verloor nie. Hoe? Deur in die HERE se weë te wandel.

Daarvoor is dit nodig dat die Woord in ons moet insink. Dit kom deur biddende oordenking. Ons moet nadink oor wat ons lees. Dit is nie tyd mors nie. Wie nie nadink nie, is soos een wat in 'n spieël kyk en omdraai en vergeet wat hy gesien het. Dit baat nie. Die gevolg is dat ons die Woord afsterf. Ons moet tyd inruim om te lees en te bepeins. Deur die genadewerk van die Gees word dit dan in ons lewe sigbaar.

Hierin vind die gelowige sy vreugde. Deur die Woord werk die Gees die nuwe lewe in Christus in die kind van die HERE. So hou Hy ons lewe op sy koers.

Sing: Psalm 147:7 (1936)

Ds. PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)